

Woensdag 21 Oktober

Skrifgedeelte: Maleagi 1:1-5

Fokusgedeelte: Maleagi 1:2

Ewigdurende liefde ...

In hierdie gedeelte kom die Godspraak deur die profeet Maleagi tot Israel om hulle te herinner aan God se ewigdurende liefde vir hulle. Tog kom dit in 'n tyd waarin Israel niks daarvan konkreet en prakties in hulle eie lewens kon beleef nie.

Hulle staan skepties teenoor God se liefde, omdat hulle swaarkry en omdat die tempel wat herbou word, nie kan vergelyk met die glorie en prag van Salomo se tempel nie. Niks is meer soos dit was nie ... Dan kom die verkeerde gevolgtrekking: God het ons nie meer lief nie (vs 2) – *Waar in het U ons lief gehad?*

God antwoord hierdie vraag deur juis te wys hoe ewigdurend sy liefde werklik is (vs 3) – *Tog het Ek Jakob lief gehad*. Vanweë God se ewigdurende verbondsliefde bewerk Hy dit so dat die Messias uit Jakob gebore sou word.

Dit is die genade wat ons nooit in God se ewigdurende liefde mag laat twyfel as siekte, armoede, eensaamheid of moedeloosheid ons oorval nie. Juis daarom herinner die Heilige Gees ons deur Paulus steeds aan hierdie ewigdurende liefde van God die Vader ten spyte van ons omstandighede (Rom. 8:35). *Wie sal ons skei van die liefde van Christus?* Dié vraag word troosvol beantwoord in Romeine 8:39: “... niks sal ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.”

Al is ons deur die sonde ontrou en van nature geneig om te haat en selfs God se liefde te betwyfel ... Tog het Hy Jakob lief gehad, ten spyte van wie hy was. Tog het Hy Israel lief gehad, ten spyte van wie hulle was ... En tog het Hy elkeen van sy uitverkore kinders vandag lief, ten spyte van wie ons is.

Dit is verbondsliefde, dit is ewigdurende liefde.

Sing: Psalm 31-1:17

Ds. FJ van Rensburg (Frikkie) (Rustenburg-Noordoos)